
# ONWRIKBAAR



Verlede week het ons in Daniël 1 gesien hoe Daniël en sy vriende as jong seuns standvastig in hul geloof staan, by hul waardes bly en nie ingee onder enige druk nie.

Hierdie week lees ons **Daniël 2.** Koning Nebukadnesar het 'n droom gehad en vra dat sy raadgewers dit aan hom verduidelik (en vooraf sê wat hy gedroom het!). Dit klink onmoontlik vir die raadgewers en gevolglik gee hy opdrag dat almal om die lewe gebring word. Dit sluit Daniël en sy vriende in. Daniël maak egter 'n plan, vra die koning vir wysheid en God vir openbaring en verklaring van die droom.

Hier is Daniël se mooi gebed in antwoord op God se verklaring:



# DANIËL 2:20-23

'Daniël het gesê:
“*Mag die Naam van God altyd geprys word*,
Hy aan wie die wysheid en die mag behoort,
*Hy wat tye en omstandighede verander*,
wat konings afsit en konings aanstel,
*wat aan die wyse manne die wysheid gee en*
*die verstand aan dié wat insig het*,
wat ondeurgrondelike en verborge dinge
openbaar
*en wat weet wat in die duisternis is*;
by Hom is die lig. “

*Wat staan vir jou uit in die manier waarop Daniël in diens van Nebukadnesar optree?*

*Hoe hanteer hy die gesag van Nebukadnesar, maar terselftertyd van God?*

Daniël is ‘n voorbeeld daarvan om ‘n ambassadeur vir God te wees binne ‘n sekulêre omgewing.  Hy is geplaas in omstandighede waar die waardes en geloof nie dieselfde as syne is nie, maar hy is nie bang nie.  Hy verwerp ook nie Nebukdnesar se gesag absoluut nie… maar vind ‘n manier om op te staan en uit te staan binne die situasie.

*Wat kan jy by Daniël leer oor hoe om op te tree in jou werksomgewing, kerk, vriendekring, gemeenskap?*

**Lees nou Daniël 2:31-49.**



# DANIËL 2:31-49

NEBUKADNESAR SE DROOM



Die 4 dele van die standbeeld verteenwoordig 4 koninkryke wat die wêreld sou regeer.

Goud: Babiloniese ryk (onder Nebukadnesar en later sy kleinseun)

Silwer: Persiese ryk (en ook die Mediërs – met twee uitgestrekte arms)

Brons: Griekse ryk (onder Aleksander die Grote na wie Daniël later verwys as die leier sonder ‘n opvolger.  Hy het op 33 gesterf sonder ‘n opvolger)

Yster: Romeinse ryk (Die 6e Weermag van die Romeine staan bekend as die “Yster Weermag”.)

Hierdie 4 koninkryke was ‘n profesie wat nog vervul moes word in Daniël se tyd, maar reeds in ons geskiedenis gebeur het.

Die tien tone van klei en yster is die laaste wêreldmag wat nog nie vervul is nie. In Openbaring word daar ook verwys na die 10 horings wat die laaste koninkryk voor Christus se koms sal wees.

Die rots wat al hierdie koninkryke verpletter, is dan Jesus Christus – die sterkste en magtigste van al die koninkryke.

*Hoe laat hierdie uitleg van Nebukadnesar jou dink oor die verlede, hede en toekoms?*

*Wat maak jou benoud… en wat gee vir jou hoop?*

**Lees Romeine 16:25-26.**




# ROMEINE 16:25-26

'God is magtig om julle te laat vasstaan ooreenkomstig die evangelie van Jesus Christus wat ek verkondig, en ooreenkomstig die openbaring van die geheimenis. Eeue lank het dit geheim gebly, maar nou is dit geopenbaar. Aan die hand van die geskrifte van die profete en in opdrag van die ewige God is dit aan alle nasies bekend gemaak sodat hulle in God kan glo en aan Hom gehoorsaam kan wees. Aan Hom, die enigste en alwyse God, behoort die heerlikheid deur Jesus Christus tot in ewigheid! Amen.'



God is soewerein.  Sy plan staan vas en niemand of niks kan dit stop nie. In Nebukadnesar se lewe sien ons selfs dat God ongelowige mense gebruik om sy plan te laat seevier.  Hy het met hom in ‘n droom gepraat en noem hom Sy dienaar (Jeremia 25:9).

Die geskiedenis, die hede en die toekoms is in Sy hand.

**Kyk weer na Daniël 2:21 en lees 4:17.**

**Lees Jesaja 46:9-10 en Efesiërs 1:9-11.**

*Wat staan vir jou uit in hierdie gedeeltes?*



"...WAT KONINGS AFSIT EN KONINGS AANSTEL"
DANIËL 2:21

SO SAL ALLE MENSE WEET DAT DIE ALLERHOOGSTE MAG HET OOR AL DIE KONINKRYKE OP AARDE EN DAT HY DIT GEE AAN WIE HY WIL; HY STEL SELFS DIE ONBELANGRIKSTE MENS DAAROOR AAN.' '
DANIËL 4:17



**Jesaja 46:9-10**

Ek is God, daar is geen ander nie; Ek is God, daar is niemand soos Ek nie. Ek kondig vantevore aan wat later sal kom, lank tevore al wat nog nie gebeur het nie. Ek sê wat Ek besluit het en dit gebeur, wat Ek wil, doen Ek.'



**Efesiërs 1:9-11**

'Hy het kragtens sy besluit en
voorneme die geheimenis van sy wil
aan ons bekend gemaak en dit deur
Christus tot uitvoering gebring op
die tyd wat Hy daarvoor bepaal het.
Sy bedoeling was om alles wat in die
hemel en alles wat op die aarde is,
onder een hoof te verenig, naamlik
onder Christus. Deur Christus het ons
deel geword van die volk van God
soos Hy dit vooruit al bestem het. So
het Hy Hom dit voorgeneem, Hy wat
alles laat gebeur volgens sy
raadsbesluit. '

Selfs Jesus aan die kruis was deel van God se plan.  Die ondenkbare het gebeur – die Heerser van die Wêreld is onskuldig gekruisig – maar ook dit was deel van God se plan.  So is dit vooraf profeteer en voorspel en het God dit laat gebeur.

*Hoekom het God dit so beplan en toegelaat?*

So het God die sonde oorwin en Sy genade en verlossing oor die wêreld ten toon gestel.  Sonder Jesus se kruisdood sou dit nie moontlik wees nie.

Wat ‘n wonderlike openbaring dat God in beheer is en dat niks vir Hom onmoontlik is nie of Hom kan stop nie.  Wat Hy besluit, dit sal gebeur!

*Maar wat beteken dit vir my en jou, hier en nou, in die wêreld waar ons nou staan?*





**Romeine 13:1**

'Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God. Wie hom teen gesag verset, kom dus in opstand teen die ordening van God; en wie in opstand kom, sal sy verdiende straf kry.'

Alle gesag kom van God af.  Selfs ook die gesag van ongelowige persone val onder God se outoriteit.  **Romeine 13** herinner ons daaraan dat ons gesag en outoriteit moet aanvaar, al stem ons nie altyd daarmee saam of het sodanige persone nie dieselfde waardes en geloof as ons nie.  Ook die gesag wat jy dalk nou het, kom van God af.  Hy is die eintlike een wat in beheer is.

*Met God se soewereiniteit in ag geneem, hoe dink jy kan jy anders optree by jou werk, in die wyer gemeenskap en in ons land?*

*Wat is ons verantwoordelikheid as ambassadeurs in hierdie areas?*





Al staan God se besluite vas en het Hy die mag in Sy hand, het ons steeds ‘n verantwoordelikheid as ambassadeurs van Sy koninkryk.

*Moet jy steeds gaan stem al het God reeds besluit?*

*Moet jy steeds hard werk en jou kant bring as God se wil in elk geval seevier?*

Mag die vrye wil wat jy ontvang het, aanhaak by God se wil! Mag jy steeds gehoorsaam wees aan Hom en die opdragte wat Hy ons gee. Dit gaan nie noodwendig oor die persone aan die stuur of die wêreld leiers nie, maar meer oor hoe jy reageer en gereed maak om onder God se gesag en wil te staan.

Maak goeie besluite wat by God se breër plan inpas.




Al staan God se besluite vas en het Hy die mag in Sy hand, het ons steeds ‘n verantwoordelikheid as ambassadeurs van Sy koninkryk.

*Moet jy steeds gaan stem al het God reeds besluit?*

*Moet jy steeds hard werk en jou kant bring as God se wil in elk geval seevier?*

Mag die vrye wil wat jy ontvang het, aanhaak by God se wil!  Mag jy steeds gehoorsaam wees aan Hom en die opdragte wat Hy ons gee.  Dit gaan nie noodwendig oor die persone aan die stuur of die wêreld leiers nie, maar meer oor hoe jy reageer en gereed maak om onder God se gesag en wil te staan.

Maak goeie besluite wat by God se breër plan inpas.


MY GEBED...

Here, mag ons opnuut besef dat U die koning van die konings is en alle mag en outoriteit onder U gesag staan. Mag dit ons vul met kalmte en rustigheid, maar ook groot verantwoordelikheid.

Bid vir evangelisasie en sending om nie te stop nie, want die krag van die evangelie is selfs sterker as die sonde van enige sondaar

Bid vir ons land se leiers, leiers van maatskappy en in die gemeenskap om te besef hulle is instrumente in God se hand.

AMEN.